# Les 11 DIE MENS SE MANIER OM SONDE TE DOEN: AFGODSDIENS

## 1. Afgodsdiens verdraai sonde om reg en goed te wees

Die apostel Paulus gee vir ons 'n beskrywing van hoe afgodsdiens werk, in Romeine 1 verse 18 tot 32:

*"24 Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. 25 Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. 26 Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang. 27 Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar ... 28 En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is"*

Kyk hoe word alles deur afgodsdiens verdraai! Mans en vrouens wil homoseksuele verhoudings hê: mans wil met mans trou en saambly, en vrouens wil met vrouens trou en saambly. Hulle wil sonde doen en in sonde leef!

Maar dit is nie al nie. Hulle wil verder nog ook nie hê dat dit wat hulle doen, sonde genoem mag word nie. Hulle wil sonde op só 'n wyse doen dat almal moet glo dat dit reg en goed is om dit te doen. Hulle wil hê dat almal dit wat verkeerd is, reg moet gló, en dit wat sleg is, goed moet gló.

Hierdie houding wat sonde goed en reg wil gló – noem die Woord van God: "**verdraaide opvattings**." Dit is 'n houding waarin 'n mens alles wat sonde is, voorhou en uitleef as reg en goed.

## 2. Afgodsdiens verdraai die waarheid oor God, na 'n leuen oor God

Hoe kan mense dit regkry om iets wat verkeerd is vir God, reg te glo? Maklik! Hulle verdraai die waarheid oor God! God sê vir ons wat is reg en verkeerd.

Kom ons lees gou die Tien Gebooie in Exodus 20!

Wie sê vir ons wat is reg en wat is verkeerd? Dit is God!

So as 'n mens wil verdraai wat God sê oor wat reg en verkeerd is, dan moet jy God ook probeer omdraai. Dit is wat Paulus leer in Rom. 1:25: *"25 Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen."*

## 3. Die waarheid van God is duidelik en sigbaar vir almal

Dink julle mense kan God omdraai om anders te wees as wat Hy is? God is die Skepper van hemel en aarde. Om na die skepping: die aarde, die son en die heelal,

die plante, diere, voëls en insekte, die water en lug te kyk, is soos om na ’n skildery te kyk.

As jy voor ’n skildery staan en jy sien die pragtige toneel voor jou, dan sien jy baie van die skilder raak: jy sien hoe goed hy kleure kan meng, hoe goed hy afmetings kan skat, hoe hy iets geesteliks op ’n stukkie papier kan vasvang, hoe hy gevoelens in ’n mens se hart met verf kan laat lewe kry, hoe hy idees in ons verstand vorm kan gee met ’n kwas en verf! Jy sien al die talente van die skilder in sy skildery raak.

Kyk wat sê Paulus oor die skepping wat God gemaak het, in Romeine 1:

*“19 Wat ’n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring. 20 Van die skepping van die wêreld af kan ’n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurig is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat ’n mens nie met die oog kan sien nie.”*

Deur na ’n skildery te kyk, sien jy al die talent en skeppingsvermoë van ’n skilder. Net so is dit met God die Skepper. Alles wat ons sien wat God gemaak het, is sy skildery.

Hierin kan ons al sy vaardighede en skeppingsvermoë raaksien.

Hy is **almagtig.** Dit sien ons in die heelal met al sy sonnestelsels, melkweë en sterrestelsels, of sommer net in een enkele atoom se krag as ’n atoombom afgaan.

Hy is **ewig**. Dit sien ons in al die bene van dinosourusse wat geleef het nog voor enige mens bestaan het, in lig van sterre wat ons nou eers kan sien, maar al miljoene ligjare uitgebrand het, en wanneer ons agterkom tyd is ook maar iets wat ’n begin en einde het.

Hy is **wys en goed**. Dit sien ons as ons kyk na hoe al die biljoene vorme van lewe almal elke dag kos kry en leef. Hy sorg vir die regte hoeveelheid lig en donker. Die regte warmte en koue deur die son en aarde op die regte afstand van mekaar te hou. Hy sorg vir die balans in die gasse wat nodig is vir lewe. Hy maak die heelal vir ons ’n goeie plek om mens in te wees.

Hy is **oneindig**. Dit sien ons in alles wat eindig om ons, terwyl God nog steeds en altyd alles aan die gang hou – vir tydperke wat ons nie eers met ons verstand kan bereken nie.

Hy is **onbegryplik**. Dit sien ons as ons na die persoonlikheid van ’n mens kyk. Die mens sal ons nooit regtig van binne ken nie. Hoeveel minder sal ons die mens se Skepper kan begryp?

Hierdie vaardighede en vermoëns van God: almagtig, ewig, wys, goed, oneindig, onbegryplik, onveranderlik, onsienlik, e.a. is volgens Paulus nie iets wat ons met die oog kan sien nie. Ons raak geestelik bewus daarvan as ons na die werke van God in sy skepping kyk. Dit is duidelik, en niemand kan uit die werke van die Here ’n ander waarneming van Hom maak nie – Hy is God.

Geen mens kan God self omdraai en verdraai nie. Hy is God. Mense is mens. Hy draai mense. Mense draai Hom nie. Hy sê vir mense. Hulle sê nie vir Hom nie. Nou hoe kan hulle dan probeer om God só te draai dat Hy sê wat hulle wil hê Hy moet sê?

**4. <u>Afgodsdiens verdraai die waarheid van God met uitbeeldings van God</u>**

Dit werk baie soos met kunsuitstallings.

Dit vat die skilder jare om sy skilderye te skilder. As alles klaar is, hou hy sy uitstalling sodat mense sy kunswerk kan geniet en waardeer.

Raai wat gebeur nou op hierdie kunsuitstallings?

Party mense kom daar aan met groot vertoon en gepronk. Hulle is snaaks aangetrek, loop snaaks en praat snaaks. Hulle gaan staan voor die skilderye en praat kliphard voor almal wat probeer om die skilderye te geniet, oor hoe goed hulle die skilder ken. Hulle gee voor dat hulle die skilder persoonlik ken. Sommer huisvriende is en mekaar op die voornaam noem. Net daar voor die skildery vertel hulle nou vir almal wie en wat die skilder is, soos hulle hom persoonlik ken.

Hulle skilder dus ’n prentjie van die skilder deur hom as hulle persoonlike vriend voor te hou. Hierdie prentjie wat hulle van die skilder voorhou – is ’n uitbeelding van die skilder.

Kyk die verskil!

**Die prent wat die skilder maak.**

| |
|---|
| Die skilder wil graag dat mense hom in sy verfwerk sal raaksien en waardeer. |

**Die prentjie wat “kunskenners” maak.**

| |
|---|
| Die “kunskenners” gee voor dat hulle die skilder self uitbeeld deur die persoonlike verhouding wat hulle met hom sou hê. |

Wat is die vangplek?

Die vangplek is dat al praat die “kunskenners” oor die skilder, al beeld hulle met hulle woorde ’n prentjie van die skilder uit – **trek hulle al die aandag van die skilderye af weg, na hulleself toe.**

Hulle wil nie hê mense moet na die skilder se skilderye kyk en hom daarin geniet en waardeer nie. Hulle wil hê mense moet al daardie aandag aan húlle gee terwyl hulle ’n prentjie van die skilder maak uit hulle persoonlike ervarings en verhoudings met hom.

**Deur ’n prentjie van die skilder te maak – word al die aandag van sy werk afgetrek en kry die mense wat van hom ’n prentjie voorhou, uit hulle sogenaamde persoonlike verhouding met hom, al die aandag wat hom toekom.**

Net so verdraai mense die waarheid oor God – hulle gee voor dat hulle Hom so goed en persoonlik ken, dat hulle so ’n persoonlike verhouding met Hom het, dat hulle van Hom ’n prentjie kan maak.

Kyk hoe beskyf Paulus dit in Rom. 1:20-23:

*“Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, [21] omdat, al weet hulle van God hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. [22] Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. [23] In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos ’n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. .... [25] Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. ”*

Mense wat voorgee dat hulle God so goed ken en só ’n persoonlike, intieme verhouding met Hom het dat hulle Hom aan ander kan uitbeeld – doen dit doelbewus om al die diens en verering van God, na hulleself te laat kom.

**5. <u>Sondaars se uitbeeldings van God, pas by hulle verdraaide opvattings</u>**

Kom ons kry hierdie punte bymekaar:

1. Sondaars maak altyd van God ’n uitbeelding.
2. ’n Uitbeelding van God is altyd ’n verdraaiing om ’n mens die eer en bewondering te laat kry wat God moes kry
3. Sondaars wil God graag draai om by hulle verdraaide opvattings te pas.
4. As God pas by ons verdraaide opvattings, dan kan mense maklik glo dat ons sonde goed en reg is.

Hoe draai mense wat homoseksueel wil leef, God om sodat hulle kan glo hulle sonde is goed en reg?

Hulle gee voor dat hulle Hom baie persoonlik ken en ’n intiem persoonlike verhouding met Hom het. Hulle sal praat van hulle “baie goeie verhouding met die Here” en “hoe naby hulle aan Hom leef”. Omdat hulle só naby aan die Here leef, sal hulle sê dat God heeltemal anders is as wat ons glo. Hy is ’n God van liefde. Hy aanvaar hulle “andersheid”. Hy het hulle so gemaak. Daarom kan hulle nie help wat hulle is nie. Omdat God hulle so gemaak het, moet ander mense hulle sonde as reg aanvaar. As jy sê homoseksualiteit is verkeerd, dan is jy liefdeloos en is jy verkeerd – want God aanvaar hulle net soos hulle is, en Hy is die God van liefde.

So word sonde verdraai om reg te wees, en wat reg is, om verkeerd te wees:

**Om God uit te beeld deur 'n persoonlike en intieme verhouding – net soos "kunskenners" 'n skilder voorhou aan mense wat eintlik na sy skilderye moes kyk.**

## 6. Alle sondes word met verdraaide opvattings gedoen

Dit is nie net mense wat homoseksueel wil wees, wat op hierdie manier sonde doen nie. Alle sondes word op hierdie manier gedoen. Dit word voorgehou as goed en reg deur ons persoonlike en intieme verhouding wat ons met God sou hê. Met hierdie persoonlike verhouding hou ons Hom anders voor as wat Hy is. Daarom sien ons nooit ons eie verkeerdheid raak nie. Vir ons is dit wat vir God verkeerd is, reg – want ons leef ons sondes as verdraaide opvattings. (Romeine 1:28 -32)

Toets maar! Hoeveel van die sondes wat ons doen, dink ons is regtig verkeerd en sleg?

## 7. Oefening

Lees Exodus 32:1-8 en kyk of jy sien wat die "kunskenner" Aäron doen sodat sondaars nie na die Here se Tien Gebooie hoef te luister nie.